

# ‘n Handleiding met betrekking tot Prostesis

## VIR DIE NUWE AMPUTEE

ORTHOWORX™

ORTHOTICS & PROSTHETICS

ORTHOWORX™

ORTHOTICS & PROSTHETICS

# ‘n Handleiding met betrekking tot Prostesis

## VIR DIE NUWE AMPUTEE

As ’n nuwe amputee (of ’n vriend of familielid van een), het jy waarskynlik baie vrae. Wat gebeur nou? Wat kan ek verwag? Kan ek weer aktiwiteite hervat waarvan ek vroeër gehou het?

Baie van die vrae sal deur jou Ortotist beantwoord kan word – ***’n Ortotist is iemand wat jou mates meet, die prostese ontwerp, vervaardig en aanpas*** – asook die res van jou gesondheidsorgspan wat jou behandelingsplan saamstel.

Jy kan die inligting wat volg deurlees om ’n oorsig te kry van wat ’n prostese behels.

## Wat gebeur ná my amputasie?

Die eerste stap ná jou amputasie is die wond, waar jou ledemaat geamputeer is, moet eers genees. Dit neem gewoonlik 4–6 weke, maar hang ook van verskeie faktore af – sien die afdeling “Hoe lank voordat ek ’n prostese kan kry?”

Die verpleegpersoneel en jou behandelende dokter sal toesien dat die wond behoorlik genees. Ná jou amputasie sal jy ook fisioterapie ontvang om seker te maak dat jou oorblywende ledemaat ten volle kan beweeg en dat jou spiere nie verswak nie.

Sodra jou chirurg voel dat die oorblywende ledemaat (die deel van die ledemaat wat oor is ná die amputasie) genees is, sal jy na ’n Orthotist verwys word vir verdere prostetiese bestuur.

Saam met jou Orthotist, sal jou dokters, fisioterapeute en arbeidsterapeute jou help om so vêr moontlik onafhanklikheid en mobiliteit hê, en jou help om die kwaliteit van jou lewe te behou en so na as moontlik te hervat.

## Wat is ’n prostese?

’n Prostese ’n kunsmatige toestel wat ’n ontbrekende liggaamsdeel vervang, wat verloor is as gevolg van trauma, siekte of ’n aangebore toestand.

Daar bestaan verskeie tipes prostese, en dit hang af van die vlak van amputasie en die funksie wat die prostese moet verrig.

Prostese word benoem volgens die liggaamsdeel wat hulle vervang. Hulle word verder geklassifiseer as prostese vir die arms – ***Boonste Ledemaat Prostese, en prostese vir die bene*** – Onderste Ledemaat Prostese.

# Voorbeelde van prostese is:

## Onderste Ledemaat Prostese

- Voetprostese
- Onder-die-Knie Prostese (Trans-tibiale Prostese)
- Bo-die-Knie Prostese (Trans-femorale Prostese)

## Boonste Ledemaat Prostese

- Onder-die-Elmboog Prostese
- Bo-die-Elmboog Prostese
- Skouerdisartikulasie Prostese

# Hoe werk 'n prostese?

'n Prostese word aan die menslike liggaam aangepas om die funksies te verrig wat as gevolg van die amputasie verlore gegaan het.
Hoe 'n prostese werk, hang dus af van die vlak van amputasie en watter funksie die prostese moet verrig. Die keuse van prostetiese komponente speel 'n baie belangrike rol in hoe jou prostese sal funksioneer.

### Vir onderste ledemaat prostese:

Prostetiese komponente word gewoonlik geklassifiseer volgens jou gewig en aktiwiteitsvlak.
Die M.O.B.I.S-skaal word algemeen gebruik om prostetiese komponente by pasiënte se vereistes aan te pas.

### Vir boonste ledemaat prostese:

Prostetiese komponente word gekies op grond van die vereiste funksie en estetika. Vir mio-elektriese komponente ("Robot-hande") geld daar verdere oorwegings.

*Bespreek jou verwagtinge van jou prostese deeglik met jou prostetikus.*

# Wat maak 'n prostese op?

**'n Prostese bestaan uit die volgende komponente:**

1. 'n SILIKON VOERING

'n Silikon voering is 'n sokkie-agtige bedekking vir die oorblywende ledemaat en dien as 'n koppelvlak tussen die beweegbare sagteweefsel van die oorblywende ledemaat en die harde dop van die prostetiese ledemaat.

2. DIE PROSTETIESE DOP

Dit is 'n harde dop wat normaalweg van koolstofvesel of veselglas gemaak word, wat die liggaamsgewig dra.




## 3. Funksionele Prostetiese Komponente

Funksionele komponente is die komponente wat ontwerp is om 'n spesifieke liggaamsfunksie te vervang – 'n funksie wat verlore gegaan het as gevolg van die amputasie.

Die korrekte keuse van komponente is baie belangrik, want dit bepaal wat die prostese in staat sal stel om te doen.

Komponente sluit prostetiese hande, elmboë, heupe, knieë en voete in.




## 4. Kosmetiese Prostetiese Bedekkings

'n Kosmetiese bedekking is 'n bedekking wat vervaardig word om oor al die funksionele prostetiese komponente van die prostese te pas, sodat die prostese lewensgetrou lyk en soortgelyk is aan die oorblywende ledemaat.

Die velkleur en die vorm van die oorblywende ledemaat word gewoonlik gekopieër.

## Is dit pynlik om ’n prostese te gebruik?

**Nee. ’n Korrek gepaste prostese behoort baie gemaklik te wees, en jy behoort pynvry te wees wanneer jy dit gebruik.**

## Hoe kry ek ’n prostese?

*Om ’n prostese aan te skaf, moet jy ’n Orthotist raadpleeg– dit is ’n professionele persoon wat ’n kenner is in die meet, ontwerp, vervaardiging en pas van prostese.*

### KORTLIKS IS DAAR 6 STAPPE IN DIE PROSES OM ‘N PROSTESE TE BEKOM

1. Konsultasie met ’n Orthotist om jou prostetiese behoeftes en vereistes te bepaal
2. Verkry finansiering deur ’n mediese fonds (indien jy gedek is), WCA, RAF (Padongelukfonds), of doen aansoek vir finansiering via ORTHOWORX. www.orthoworx.co.za
3. Begin die proses om die prostese op te meet
4. Pas en toets ’n proefprostese om ’n goeie pasvorm, uitlyn en gemak te verseker
5. Pas die finale prostese aan
6. Leer hoe om jou prostese te gebruik

## Hoe lank voordat ek ’n prostese kan kry?

Die tyd tussen jou amputasie en die pas van ’n prostese hang af van verskeie faktore:

**HIERDIE FAKTORE SLUIT IN**

- Oorsaak van die amputasie
- Wondgenesing
- Vlak van amputasie (waar jy geamputeer is)

- Hoeveelheid swelling aan die einde van die oorblywende ledemaat en hoe vinnig die swelling afneem.
- Vlak van die amputee se motivering

In meeste gevalle sal ’n prostese 6–9 weke ná die amputasie pas. Soos in die afdeling hierbo genoem.

Hoe kry ek ’n prostese?; die eerste pas is normaalweg ’n proefprostese (die 6–9 week tydperk verwys na die proefpas).
Die proses in die verkryging van die finale prostese verskil op verskeie aspekte en kan enigiets tussen 2-12 weke neem nadat die proefprostese pas.

*Neem in aanmerking dat die pas van ’n prostese nie beteken dat alle funksie herstel word sodra jy die kunsmatige ledemaat aan sit nie – jy sal moet leer hoe om jou nuwe ledemaat te gebruik. ’n Prostese maak deel uit van ’n rehabilitasieproses wat verskeie maande neem.*





# Kontak ORTHOWORX

| | |
|---|---|
| NORTH COAST | : 073 005 3078 |
| DURBAN | : 084 079 3859 |
| PETERMARITZBURG | : 062 303 5674 |
| HILTON / HOWICK | : 084 966 8808 |
| KANTOOR | : 033 342 9464 |
| WEBWERF | www.orthoworx.co.za |

*Ons is hier om jou te help om die regte prostese te vind.*

ORTHOWORX™

ORTHOTICS & PROSTHETICS